## SPORT GEDRAGSKODE – TOESKOUERS EN OUERS

1. SPORTWAARDES

Primêre Skool Universitas bly daartoe verbind om 'n veilige, respekvolle en genotvolle sportomgewing vir alle deelnemers en toeskouers te bevorder.

Ons is trots daarop om die waardes van Primêre Skool Universitas na te streef en uit te leef tydens alle sportaktiwiteite, naamlik:

- Respek
- Omgee
- Geloof
- Verantwoordelikheid
- Net my beste

Ons doen 'n beroep op alle toeskouers en ouers om hierdie waardes te aanvaar en te onderteken, en daarvolgens op te tree.

2. DOEL VAN HIERDIE GEDRAGSKODE

2.1. Om die plesier en tevredenheid van ons leerders te beskerm en te herstel.

2.2. Om volwassenes daaraan te herinner dat leerders aan sport deelneem vir húlle eie genot, en nie om ouers, vriende of ander belanghebbendes tevrede te stel nie.

2.3. Om fisiese fiksheid te bevorder deur sport aantreklik, veilig en genotvol te maak.

3. GEDRAGSKODE VIR TOESKOUERS/OUERS

3.1. Moenie ‘n kind dwing om aan sport deel te neem indien hy/sy onwillig is nie.

3.2. Kinders neem deel vir húlle eie genot, nie vir joune nie.

3.3. Ouers se ondersteuning word te alle tye hoog op prys gestel.

3.4. Ouers mag nie met spankeuses en oefeninge inmeng nie. Indien ‘n ouer ‘n probleem/navraag het, moet dit skriftelik by die sporthoof ingedien word (sportnavrae@tjokkies.co.za). Navrae oor logistieke reëlings (bv. byeenkoms tye, kleredrag en vervoer) mag egter direk aan die afrigter gerig word.

3.5. Moedig jou kind aan om binne die reëls van die sport op te tree.

3.6. Leer jou kind dat eerlikheid belangriker is as wen.

3.7. Beklemtoon vaardigheidsontwikkeling en sportmanskap bo wen.

3.8. Moet nooit ‘n kind (u eie ingesluit) verneder of bespot oor ‘n fout nie.

3.9. Moedig goeie spel van alle spelers aan.

3.10. Moenie die skeidsregter of amptenaar se oordeel of integriteit bevraagteken nie.

3.11. Toon te alle tye respek teenoor skeidsregters en sportbeamptes.

3.12. Beledigende, dreigende of vloektaal sal nie geduld word nie.

3.13. Enige vorm van misbruik teenoor skeidsregters is streng verbode.

3.14. Respekteer die opponerende span en hul afrigter.

3.15. Teistering van spelers, skeidsregters, afrigters, vrywilligers, toeskouers of personeel is onaanvaarbaar.

3.16. Ondersteun pogings om verbale en fisiese mishandeling in sport uit te skakel.

3.17. Erken en waardeer die rol van die afrigter.

3.18. Geweld of dreigemente van geweld sal nie geduld word nie.

3.19. Toon respek vir opponente – sonder hulle is daar geen wedstryd nie.

3.20. Bly te alle tye binne die aangewese toeskouerareas.

3.21. Toeskouers mag nie die speelveld betree nie.

3.22. Hou jou omgewing skoon en veilig.

3.23. Die gebruik of besit van alkohol, dwelms of enige verdowingsmiddels tydens sport byeenkomste is streng verbode.

4. SANKSIES

4.1. Indien 'n individu of groep hierdie gedragskode ernstig oortree, sal die betrokke owerhede onmiddellik optree.

4.2. Enige ouer wat hom/haar wangedra tydens byeenkomste mag deur die betrokke afrigter, organiseerder, sporthoof of skoolhoof gevra word om die terrein te verlaat.

4.3. Afhangende van die erns van die oortreding, kan die saak na die skool se uitvoerende sportkomitee, bestuurspan of beheerliggaam verwys word, wat die toepaslike sanksie sal bepaal.

4.4. Indien 'n ander skool versuim om wangedrag deur hul toeskouers aan te spreek, kan die betrokke span se wedstryd gestaak of gekanselleer word.

5. GRIEWEPROSEDURE

5.1. Indien 'n ouer van Primêre Skool Universitas enige wangedrag teenstrydig met dié gedragskode waarneem tydens byeenkomste, wedstryde, oefeninge of proewe, moet hulle dadelik of die afrigter van die betrokke span of 'n onderwyser van die skool onmiddellik in kennis stel, om die situasie te hanteer.

5.2. Ouers moet, sover moontlik, nie probeer om situasies self te hanteer nie.

5.3. Indien 'n toeskouer of ouer voel dat daar ernstige oortredings van die gedragskode plaasgevind het, moet hulle dit asseblief skriftelik by die sporthoof so gou as moontlik indien (sportnavrae@tjokkies.co.za).

5.4. Die sporthoof sal die grief vir die betrokke sporthoof deurgee om te ondersoek, indien nodig sal die uitkoms van die ondersoek deur die betrokke sporthoof geëskaleer word na of uitvoerende sportkomitee, die skool se bestuurspan of die beheerliggaam, om dit dan volgens die skool se dissiplinêre prosedures te hanteer.

___________________________________ _______________

Naam en van (leerder) Graad en klas

Hiermee bevestig ek, ________________________________________, dat ek Primêre Skool Universitas se sport gedragskode aanvaar en daarvolgens sal optree.

_________________________ ___________________

Handtekening (Ouer/Voog) Datum